higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GSN680**(A)**(N7)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLIGTINGVERWERKING N5

(6020275)

7 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLIGTINGVERWERKING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 300

VRAESTEL	TYD	PUNTE
AFDELING A: TIKTEGNIEK	**2 uur**	**200**
AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE	**1 uur**	**100**
TOTAAL	**3 uur**	**300**

INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN TOESIGHOUERS

30 MINUTE WORD TOEGELAAT OM DIE INSTRUKSIES TE LEES

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES AANDAGTIG VOORDAT DIE VRAESTEL BEANTWOORD WORD – TOESIGHOUERS SAL VERDUIDELIK INDIEN NODIG.

AFDELING A: TIKTEGNIEK

1. Kandidate wat nie gereed en betyds is vir die TYDNOUKEURIGHEIDS-TOETS (VRAAG 1) nie, sal slegs toegelaat word om die eksamenlokaal binne te kom ná die verstryking van die TIEN MINUTE toegelaat vir die toets.

2. Kandidate word toegelaat om VRAAG 1, die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS, deur te lees 3 MINUTE voor die aanvang van die eksamen.

3. Die toets moet aan die begin van die eksamen ingesleutel word. Geen kappies, deeltekens, ens. hoef gebruik te word nie, maar dit is wel noodsaaklik in die ander vrae.

4. Ná die toegelate TIEN MINUTE sal die toets deur die toesighouer ingeneem en geteken word. Dit sal bewaar word tot na afloop van die eksamensessie waarna dit in jou teenwoordigheid in jou EKSAMENOMSLAG geplaas sal word.

5. Beantwoord AL die vrae.

6. Prosedure vir VRAAG 2, 3, 4, 5 en 6: Sleutel in, stoor en druk.

7. Herwin die briefhoof wat gestoor is as VRAAG 3 op jou datadisket/hardeskyf.

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: OUDIOTRANSKRIPSIE

Jy het die volgende ontvang:

1. Inligting oor die vrae

2. Aantekeninge oor die vrae

3. Oudiokasset of oudiosagteware

LET WEL:

1. Indien jy 'n oudiokasset gebruik, rol dit terug voordat jy met die transkripsie begin.

2. Voltooi die inligting wat gevra word in die AANTEKENINGE BY DIE VRAESTEL.

DRUK

1. Elke antwoord moet op 'n afsonderlike A4-papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

ALGEMEEN

1. Jy mag die ASCII-kodes gebruik.

   GEEN NOTAS OF NIETOELAATBARE MATERIAAL MAG IN HIERDIE ARTIKELS AFGESKRYF OF VERSTEEK WORD NIE.

2. Gebruik slegs COURIER NEW 12 pt tensy anders aangedui in die vraestel.

3. Werk vinnig om die vraestel betyds te voltooi.

4. Stoor jou werk gereeld om verlies van ingesleutelde data gedurende 'n kragonderbreking te voorkom. Slegs die duur van die kragonderbreking sal addisioneel toegelaat word – GEEN EKSTRA TYD VIR VERLIES VAN WERK SAL TOEGELAAT WORD NIE.

5. Indien 'n rekenaar of drukker breek, sal die toesighouer die nodige reëlings vir jou tref sodat jy met die eksamen kan voortgaan en die werklike verlore tyd sal bykomend toegelaat word.

6. Sleutel die VRAAGNOMMER sowel as jou EKSAMENNOMMER by elke vraag in. GEEN VRAE SONDER EKSAMENNOMMERS SAL GEMERK WORD NIE.

Kopiereg voorbehou

7. Gee die volgende aan die einde van die eksamensessie in:

   7.1 EKSAMENOMSLAG met DRUKSTUKKE wat gemerk moet word in dieselfde volgorde as die vrae in die VRAESTEL.

   7.2 Disket – behoorlik gemerk met jou EKSAMENNOMMER. Indien werk op die hardeskyf/netwerk gestoor is, moet toesighouer(s) werk kopieer na 'n kompakskyf/geheuestokkie en dit dan dadelik verwyder vanaf die hardeskyf/netwerk. Studente se antwoorde moet bewaar word vir ten minste 6 MAANDE.

   7.3 Die teruggewende kasset.

   7.4 Alle ander DRUKSTUKKE. GEEN DRUKSTUKKE mag uit die lokaal geneem word of in vullishouers geplaas word nie.

8. Enige poging om inligting te bekom of inligting aan 'n ander kandidaat te verskaf, is 'n oortreding van die eksamenreëls en word in 'n ernstige lig beskou. Indien jy jouself skuldig maak aan so 'n oortreding, sal daar teen jou opgetree word.

WAG OP DIE INSTRUKSIE VAN DIE

TOESIGHOUER VOORDAT JY OMBLAAI

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

TIKTEGNIEK

	TYD	PUNTE
VRAAG 1: TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS	**10 minute**	**20**
VRAAG 2: TABEL	**25 minute**	**40**
VRAAG 3: OMSENDBRIEF	**30 minute**	**50**
VRAAG 4: NOTULE	**21 minute**	**34**
VRAAG 5: KOLOMME	**22 minute**	**36**
VRAAG 6: AFRIKATAAL	**12 minute**	**20**
TOTAAL	**120 minute**	**200**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: 1,5 or 2 SPOED: 45 w.p.m. (minimum vereiste)	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links FONT: Courier New 12 pt

1. Die TYDNOUKEURIGHEIDSTOETS moet slegs EEN KEER ingesleutel word.
2. Die teks maak voorsiening vir 'n spoed van 45 en 50 woorde per minuut.
3. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif.
4. Stoor en druk die dokument as V1.
5. Jou toets moet aan die BEGIN van die eksamen deur die toesighouer ingeneem en op AL die bladsye geteken word.

Armoede beteken daar is nie genoeg geld vir basiese behoeftes soos kos, klere en skuiling nie. Armoede is egter meer, baie meer as om nie genoeg geld te hê nie.

Die Wêreldbankorganisasie beskryf armoede soos volg: 'Armoede is honger. Armoede is gebrek aan skuiling. Armoede is om siek te wees en nie te kan bekostig om 'n dokter te besoek nie. Armoede is om nie toegang tot 'n skool te hê nie en om nie te weet hoe om te lees nie.

Armoede is om nie 'n werk te hê nie; dit is vrees vir die toekoms, en om een dag op 'n keer te leef. Armoede het baie gesigte, wat van plek tot plek verander en met verloop van tyd, en is al op baie maniere beskryf.

Dikwels is armoede 'n situasie waaruit mense wil ontsnap. Dus is

VRAAG 1 (VERVOLG)

armoede 'n oproep tot aksie – vir sowel arm as ryk – 'n wekroep om die wêreld te verander sodat baie meer genoeg kan hê om te eet, voldoende skuiling, toegang tot opleiding en gesondheid, beskerming teen geweld, en 'n sê in wat in die gemeenskap gebeur.'

Afgesien van 'n gebrek aan geld, beteken armoede ook om nie in staat te wees om aan ontspanningsaktiwiteite deel te neem nie; om jou kinders nie saam met hulle klasmaats op 'n daguitstappie te kan laat gaan nie of om hulle 'n verjaardagpartytjie te laat bywoon nie; om nie in staat te wees om medikasie vir siekte te bekostig nie.

Hierdie is alles die koste van armoede. Daardie mense wat skaars kos en skuiling kan bekostig kan glad nie eers enige ander uitgawes oorweeg nie. Wanneer mense van 'n samelewing uitgesluit word, wanneer hulle nie behoorlik opgelei word nie of wanneer hulle 'n hoër voorkoms van siekte ervaar is daar negatiewe gevolge vir daardie gemeenskap.

Ons betaal almal die prys vir armoede. Die toenemende druk op die gesondheidstelsel, die regstelsel en ander stelsels wat diegene in armoede ondersteun het 'n uitwerking op ons ekonomie.

Terwyl groot vordering gemaak is in die meet en ontleed van armoede,

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1 (VERVOLG)

doen die Wêreldbankorganisasie meer werk om aanduiders vir die ander dimensies van armoede te identifiseer. Hierdie werk sluit in die identifikasie van sosiale aanduiders om tred te hou met opleiding, gesondheid, toegang tot dienste, kwesbaarheid en sosiale uitsluiting.

Daar is nie net een oorsaak vir armoede nie en die gevolge **45 w.p.m.** verskil in elke geval. Armoede wissel aansienlik afhangende van die situasie. Binne die grense van 'n land kan daar ook 'n groot verskil tussen ryk en arm wees.

Ondanks vele definisies, is een ding seker: armoede is 'n **50 w.p.m.** komplekse

[20]

VRAAG 2: TABEL

TYD: 25 MINUTE **PUNTE: 40**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-landskap WOORDBREKING: Nee BELYNING: Soos aangedui REËLAFSTAND: Enkel behalwe waar anders aangedui
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif (*header*). 2. Neem ALLE proefleestekens in ag. 3. Voeg 'n tabel in. 4. Stoor en druk die dokument as V2. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Statistiek oor verslag oor wêreldwyse armoede bk, vetdruk, o/streep, sentreer

=

Tabel 1: Wêreldbevolking en ^ mense wat in armoede leef kursief ^ getal

=

Skuif

=

Kandidaat: Sentreer ALLE kolomopskrifte horisontaal en vertikaal

loop aan

Land vetdruk	Deel van bevolking [wat in aarmoede leef NR sp		
	2016	2017	2018
Ethiopië	7000	5000	3500
Suid-Afrika loop aan	5000	3000	2500
Midde-Ooste	2000	1500	1000
Indië	3000	2000	5863
Kenia	1500	785	500
Egipte	7000	3680	5600
Ghana	8000	5600	2520
Lesotho	6000	700	950

~~assosiasie~~

Die skerp styging in absolute armoede word grootliks ~~geassosieer~~ stet onder andere met / oorskakeling na markekonomieë wat gelei het tot hoë ~~ekonomiese~~ inflasie. skrap

VRAAG 2 (VERVOLG)

loop aan

Totale getal van bevolking [oor die wêreld			Nasionale per◯sentasie [van armoede		
2016	2017	2018	2016	2017	2018
8000	9000	9500	18.8%	25.4%	80%
5300	1200	1410	5.87%	2.6%	42%
2400	1000	1689	3.5%	3.8%	75%
5350	2900	1260	1.2%	5.6%	43%
4450	2056	1590	6.5%	86%	56%
6150	809	1517	87.5%	8.9%	80%
1045	256	569 trs	13.9%	6%	90%
6200	950	520	55%	85%	30%

ǂ

Lewenskoste
Globale krisis } kursief

Kandidaat: Belyn alle syfers regs.
Verander al die kolomopskrifte na hoofletters en arseer (*shade*).

[40]

VRAAG 3: OMSENDBRIEF

TYD: 30 MINUTE **PUNTE: 50**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt PAPIER: Briefhoof	WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreël-afstand tussen paragrawe

1. Herwin die briefhoof VRAAG 3 wat gestoor is in die INFORMATION PROCESSING N5-lêergids.
2. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif.
3. Neem ALLE proefleestekens in ag.
4. Stoor en druk die dokument as V3.
5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kandidaat:

1. Verander al die onderstreepte hoofparagraafopskrifte na vetdruk en hooflletters.
2. Paragrawe moet in numeriese volgorde ingevoeg word.
3. Vervang kolpunte met genommerde subparagraafnommers (1.1, ens.) met TWEE letterspasies en keep in.
4. Voeg 'n bladsynommer onder regsbelyn slegs op bladsy 2 in.

‡

Voeg vandag se datum in dalende volgorde in

‡

Aan alle sakevennote

‡

Armoede: Wêreldwyd **Arial 18 pt, bk, vetdruk, arseer (*shade*), dubbelrand, sentreer**

‡

2. Gebrek aan toegang tot opleiding

✓ Die redes vir kinders se afwesigheid van skool wissel, sommige kinders is in gesinne wat dit nie kan bekostig nie terwyl ander te siek of te honger is vir bywoning. Al hierdie redes kan na armoede herlei word. kursief

✓ Veranderende neigings in 'n land veroorsaak dat die bevolking sukkel om toegang tot onderwys te kry weens beperkings & wette van daardie land spesifieke. voluit trs loop aan o/streep

'n Kind in 'n plattelandse area se kans is twee keer groter om nie skool te gaan nie as die van 'n kind in 'n stedelike gebied.

Voeg 'n bladsybreuk in

VRAAG 3 (VERVOLG)

1. Epidemiese siektes

✓ Dit is / snelle verspreiding van aansteeklike siektes na 'n ~~groot~~ klein aantal mense in 'n gegewe bevolking binne 'n kort tyd, gewoonlik 2 weke of minder. stet in woorde

✓ Epidemies van aansteeklike siektes word gewoonlik veroorsaak deur verskeie faktore insluitend 'n verandering in / ekologie van / gasheerbevolking, verhoogde stres of verhoging in die digtheid van die draerspesie ~~'n genetiese verandering in die patogeen~~. skrap

3. Oor bevolking

✓ Menslike oorbevolking is een van / dringendste omgewingsprobleme, wat besig is om magte daaragter stil-stil te vererger.

✓ Aardverwarming, omgewingsbesoedeling, habitatverlies, die sesde massa-uitwissing, intensiewe boerderypraktyke en / verbruik van beperkte natuurlike hulpbronne soos vars water, bewerkbare grond en fosielbrandstowwe. vetdruk sp

Voeg 'n lyntabelstop in op 3"/7,62 cm
Sekretaris 14 pt, bk
} Sit korrek uiteen

[50]

VRAAG 4: NOTULE

TYD: 21 MINUTE **PUNTE: 34**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt PAPIER: A4-portret	WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbelreël-afstand tussen paragrawe

1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif.
2. Neem ALLE proefleestekens in ag.
3. Stoor en druk die dokument as V4.
4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.

Kennis word hiermee gegee van / algemene jaarvergadering van die maatskappy wat gehou sal word by Bendieslaan 70, Rooodepoort, op Vrydag 15/11/19 om 11:00. Lees asseblief die ingeslote dokumentasie ter voorbereiding van items wat bespreek sal word. bk voluit ‡

1. Opening van vergadering

Die voorsitter verwelkom almal en verklaar / vergadering behoorlik ~~saamgestel~~ ~~samestelling~~. stet

2. Teenwoordig

Volgens bywoningsregister gesirkuleer aan almal.

3. Notule van vorige vergadering

Die notule van die vergadering op 2 Oktober 2019 wat gesirkuleer is, is as gelees beskou en goedgekeur en ~~geparafeer~~ geteken. loop aan skrap

4. Voorsitter se jaarverslag en finansiële state

Bogenoemde verslag en finansiële state is aan die vergadering voorgelê en op voorstel van Me R Roos eenpaarig goedgekeur. sp

VRAAG 4 (VERVOLG)

5. Aanstelling van ouditeure

Daar is besluit dat mnre. Chase & Vault aangestel sal word as ouditeure voluit
vir die jaar finansiële volgende. trs
3 2 1

6. Algemeen [Mnr. Peter sê dat Ocean Stream-welsynsorganisasie NP
boeke, Λ en kos geskenk het aan die dorpe waar die Λ klere kurs
meeste armoede ondervind word.

7. Afsluiting [Die vergadering verdaag om 18:00. NP

Op las van die raad

Mnr. Rakomane Voorsitter kurs, vetdruk } Sit korrek uiteen
Me. Badenhorst Sekretaresse kurs, vetdruk }

Datum: Voeg vandag se datum voluit in

Kandidaat: Alle genommerde opskrifte moet in hoofletters en onderstreep word.
Keep paragrawe onder die opskrifte in.

[34]

VRAAG 5: KOLOMME

TYD: 22 MINUTE **PUNTE: 36**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt PAPIER: A4-portret	WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links REËLAFSTAND: Enkel met dubbel-reëlafstand tussen paragrawe
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif. 2. Neem ALLE proefleestekens in ag. 3. Stoor en druk die dokument as V5. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Vyf oorsake van armoede Bell MT 16 pt, gesp hfls, sentreer, vetdruk, o/streep

‡

4. Gebrek aan ekonomiese deversifikasie sp

Sommige subsaharalande ignoreer areas van die ekonomie wat uitgebrei kan word om sodoende buitelandse beleggings te lok sodat / bruto binnelandse produk kan groei, wat nodig is vir werkskepping.

3. Werkloosheid

Werkloosheid is een van die probleme grootste van armoede. Sonder geld trs kan lewensomstandighede nie verbeter word nie. Dit beteken loop aan dat 'n gesin nie genoeg geld het om dokter toe te gaan nie. Dit beteken ook dat onderwys nie binne die bereik van almal is nie.

2. Diskriminasie [Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat om van ander mense te verskil, of dit in oortuiging of voorkoms is, 'n ʌ rol kan speel in die manier waarop die samelewing hulle behandel. NP ʌ groot

VRAAG 5 (VERVOLG)

1. Swak regering

Regering weerspieël nie net die regering nie, maar ook die burgerlike samelewing, netwerke of markte wat beheer uitoefen oor die bestuur van 'n land se maatskaplike ~~finansiële~~ en ~~ekonomiese~~ hulpbronne vir ontwikkeling. stet

5. Omgewingsagteruitgang bk, vetdruk

Hoewel dit dikwels misgekyk word, het omgewingsagteruitgang 'n groot invloed op armoede & die welsyn van mense. voluit
Omgewingsprobleme lei tot waterskaarste, gebrek aan kos en materiaal om huise te bou, asook ander noodsaaklike hulpbronne. Sonder hierdie dinge sal die armes ~~rykes~~ nie net altyd arm bly nie, maar ook altyd die kans op voortydige sterftes hê.

Comic Sans 16 pt, belyn regs, 1,5 reëlafstande

skrap

Kandidaat:

- ✓ Skep twee gelyke kolomme, spasie tussen kolomme is 1,25 cm/0,49" en voeg 'n vertikale lyn tussen kolomme.
- ✓ Paragrawe 1 en 2 moet ingevoeg word in kolom 1 en paragrawe 3 en 4 in kolom 2.
- ✓ Paragraaf 5 moet op bladsy 2 wees.
- ✓ Alle paragraafopskrifte moet in hoofletters en vetdruk wees.

[36]

VRAAG 6: AFRIKATAAL

TYD: 10 MINUTE **PUNTE: 20**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" FONT: Courier New 12 pt	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Links REËLAFSTAND: Dubbel (2)
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif (header). 2. Sleutel in soos aangedui. 3. Stoor en druk die dokument as V6. 4. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

Ho hlopheha a se tekatso ya mang kapa mang empa ka tlase mabaka ao setjhaba se sa kgoneng howa qoba, ke kahoo o tla fumana motho ae phomane a le kahara mathata.

Ho sa kgone ho isa bana sekolong, leho ba fepa, le hob a rekela diphahlo, hob a isa lefapheng la tsa bophelo bo botke ke a mang a mabaka a etsang hore setjhaba se iphomane se le kahara tlhopheho setjhabeng.

Ditheko tse hodimo tsa le tsona di etsa hore batho ba dikojwana mahetleng ba se ke ba kgona ho phela kamoo ba batlang ka teng hobane ho sena motho ka lelapeng a sebetsang. Ke kahoo ho le molemo hore setjhaba se be le tshebedisano mmoho hore bat le bap hele hantle.

[20]

TOTAAL AFDELING A: 200

AFDELING B

OUDIOTRANSKRIPSIE

	TYD	PUNTE
VRAAG 7: AGENDA	**15 minute**	**25**
VRAAG 8: VERTOONWERK	**18 minute**	**30**
VRAAG 9: MEMORANDUM	**27 minute**	**45**
TOTAAL	**60 minute**	**100**

Kopiereg voorbehou

OUDIOTRANSKRIPSIEVRAESTEL

INLIGTING AANGAANDE DIE EKSAMENVRAE

Jy is 'n persoonlike assistent. Jou bestuurder oorhandig aan jou 'n kasset met opgeneemde take wat jy binne 'n uur moet voltooi terwyl hy/sy weg is.

1. Jou eerste taak **(VRAAG 7)** is om die **AGENDA** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   slagoffers; Kgotso; Bendiesstraat; Sibbemishandeling; Rakomane

2. Jou tweede taak **(VRAAG 8)** is om die **VERTOONWERK** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   verontrusting; spysenieringsdiens; konferensie; ouditorium; akkommodeer

3. Jou derde taak **(VRAAG 9)** is om die **MEMORANDUM** in te sleutel en te druk.

   WOORDE:

   Beradingsbestuurder; metgeselle; Radebe

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7: AGENDA

TYD: 15 MINUTE **PUNTE: 25**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Soos aangedui FONT: Courier New 12 pt
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif. 2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ... 3. Die leestyd is ±12½ minute. 4. Stoor en druk die dokument as V7. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[25]

VRAAG 8: VERTOONWERK

TYD: 18 MINUTE **PUNTE: 30**

KANTRUIMTES: Links: 1,27 cm/0,5" Regs: 1,27 cm/0,5" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A5-portret WOORDBREKING: Nee BELYNING: Soos aangedui FONT: Courier New 12 pt
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif. 2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ... 3. Die leestyd is ±15 minute. 4. Stoor en druk die dokument as V8. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG.	

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 9: MEMORANDUM

TYD: 27 MINUTE **PUNTE: 45**

KANTRUIMTES: Links: 2,54 cm/1" Regs: 2,54 cm/1" REËLAFSTAND: Soos aangedui	PAPIER: A4-portret WOORDBREKING: Ja BELYNING: Links FONT: Arial 12 pt
1. Sleutel jou EKSAMENNOMMER (links), die VRAAGNOMMER en jou STASIE-/REKENAARNOMMER (regs) in as 'n kopskrif. 2. Die beginpunt op die bandteller/indeks is ... 3. Die leestyd is ±22½ minute. 4. Stoor en druk die dokument as V9. 5. Plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG	

[45]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou